# Ons Erediens

## *NG Gemeente Wonderpark*

**Gesinserediens saamgestel deur:**

**Dr. Ernst Endres – 14 April 2024**

**VOTUM EN SEËNGROET:**

Ek kyk op na die berge:
waarvandaan sal daar
vir my hulp kom?
[2]My hulp kom van die Here
wat hemel en aarde gemaak het.
[3]Hy sal nie toelaat dat jy struikel nie;
Hy wat jou beskerm,
slaap nooit nie.
[4]Waarlik, die Beskermer van Israel
sluimer nie in nie
en Hy slaap nie.
[5]Die Here beskerm jou,
die Here bewaar jou van alle gevare.
[6]Bedags sal die son jou nie steek nie
en snags sal die maan
jou nie kwaad doen nie.
[7]Die Here sal jou beskerm
teen alle gevaar,
jou lewe sal Hy beskerm.
[8]Hy sal jou beskerm waar jy ook gaan,
nou en vir altyd.

**SKRIFLESING:**

**Teks:** 1 Korinthiërs 15:10,11

**Tema:** "Grace is a Person"

Paulus se lewe het oorgeloop van die die genade van Jesus. Hy skryf die volgende oor homself:

- *Verkeerde tyd gebore* – Heel laaste het Hy ook aan my, die ontydig geborene, verskyn
- *Die kleinste* – Ek is immers die geringste van die apostels
- *Nie werd* – Ek is nie werd om 'n apostel genoem te word nie, omdat ek die kerk van God vervolg het.
- *Die genade van God*
  - Maar deur die genade van God is ek wat ek is.
  - Sy genade aan my was nie tevergeefs nie;
  - Inteendeel, ek het harder gewerk as hulle almal; eintlik was dit nie ek nie, maar die genade van God wat by my is. (1 Korinthiërs 15)

Ons gaan vanoggend kyk *hoe* Jesus genade aan Paulus, Judas Iskariot, Thomas, Petrus en Johannes betoon het en die *resultate* van Sy genade.

**1. Vervolger – Paulus (Handelinge 9)**

Paulus is in Tarsus gebore en het in Jerusalem sy opleiding as Fariseër ontvang. Nadat hy sy opleiding voltooi het, begin hy om Joodse afvalliges te vervolg,

> "in wetsopvatting was ek 'n Fariseër, in my ywer 'n vervolger van die kerk, in onderhouding van die wet van Moses om vryspraak te kry, onberispelik". (Fil 3)

In Handelinge 9 vertrek Paulus na Damaskus om nog Joodse afvalliges te vervolg. Oppad skyn 'n helder lig oor hom en hoor hy 'n stem,

> "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?"
> [5]"Wie is U, Here?" vra hy toe.
> "Ek is Jesus," antwoord Hy.
> "Dit is vir My wat jy vervolg.
> - But why?
> - Jy maak **My** seer (angs, vrees, pyn)

**Resultate**:
Paulus word die grootste sendeling van alle tye asook die skrywer van die meeste briewe in die Nuwe Testament. In sy leeftyd het hy voor goewerneurs, konings en keiser Nero verskyn. Hy sterf in die arena in Rome.

### 2. Verraaier – Judas Iskatiot (Johannes 13 en Matteus 27)

Judas Iskariot was een van Jesus se dissipels wat geglo het dat Jesus hulle van die Romeinse juk sou bevry. Toe Jesus egter sy dood aankondig, was hy diep teleurgesteld en het hy besluit om Jesus te verraai. In Johannes 13 kry hy sy laaste kans,

> "Jesus vat toe 'n stukkie brood, steek dit in die sous en gee dit vir Judas seun van Simon Iskariot. [27]En nadat Judas die stukkie brood gevat het, het die Satan in hom ingevaar. Toe sê Jesus vir hom: "Wat jy wil doen, moet jy baie gou doen!"

**Resultate:**
Toe Judas, die verraaier, sien dat Jesus tot die dood veroordeel is, het hy *spyt* gekry. Hy het die dertig silwermuntstukke teruggebring na die priesterhoofde en die familiehoofde toe en vir hulle gesê:

> "Ek het gesondig. Ek het 'n onskuldige man verraai." Judas het toe die geld in die tempel in gegooi, weggeloop en homself gaan ophang. (Matteus 27)

### 3. Verward – Thomas (Johannes 20:26-28)

Tydens die laaste maaltyd het Thomas intense vrae aan Jesus gevra,

> "Waarheen gaan U en hoe kan ons die pad daarheen ken"?

Na die opstanding was hy nie meer saam met die res van die dissipels nie, maar op sy eie. Hy moes die gebeure van paasnaweek self verwerk. Dan hoor hy dat Jesus leef, maar hy was baie verward.

> "Hoewel die deure gesluit was, het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan en gesê: "Vrede vir julle!" Daarna sê Hy vir Thomas: "Bring jou vinger hier en kyk na my hande; en bring jou hand en steek hom in my sy; en moenie langer ongelowig wees nie, maar wees gelowig." **En Thomas sê vir Hom**: **"My Here en my God!"**

**Resultate:**
Thomas word die stigter van die kerk in Indië.



4. **Verloeën – Petrus (Johannes 21)**

Petrus was vasbeslote dat hy bereid was om saam met Jesus te sterf. Jesus het egter vir hom gesê dat hy Hom sou verraai, wat ook gebeur het. Na sy opstanding verskyn Jesus by die see van Tiberia aan sy dissipels en vra Hy vir Petrus,

> "Simon seun van Johannes, het jy My baie lief, meer as hulle hier?" "Ja, Here," antwoord hy Hom, "U weet dat ek U liefhet."

**Resultate:**
Petrus word die leier van die kerk in Jerusalem en later in Rome. Hy was die skrywer van verskeie briewe.

5. **Verhouding – Johannes**

Johannes en Jesus was nefies (hulle ma's was susters) en hulle het saam groot geword. Jesus was baie lief vir hom. By die laaste maal sit hy langs Jesus. By die kruis het hy saam met sy ma en tannie (Maria) daar gestaan. Hy het 'n gesonde verhouding met Jesus gehad en dit het lewenslank voortgeduur.

**Resultate**:
Hy word die leier van 'n kerk, die skrywer van drie briewe, een evangelie en Openbaring. In 95 nC gee Jesus vir hom die grootste geskenk van alle tye, 'n openbaring van die eindtye. Hy sluit sy boek met 'n gebed af,

"Ja, Ek kom gou!" Amen! Kom, Here Jesus!

***Die genade van die Here Jesus sal by almal wees.***

**SEËNBEDE:**

2 Mag die Here u gebed verhoor op die dag van nood,
mag die Naam van die God van Jakob u beskerm.
3 Mag Hy u te hulp kom uit die heiligdom,
u bystaan uit Sion.
4 Mag Hy al u graanoffers onthou
en u brandoffers aanneemlik vind. Sela
5 Mag Hy u gee wat u hart begeer
en al u voornemens laat geluk.
6 Ons sal juig oor u oorwinning

en in die Naam van ons God
die vaandels ontplooi.
Mag die Here alles gee wat u vra.
**AMEN!**

**OFFERGAWE:**

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer.

U as gesin kan met EFT of snapscan betaal:

**EFT Bankbesonderhede:**

NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer

**Snapscan:**




**Ondersteun asb ons Fondsinsamelingsprojekte:**

**Damesoggend 11 Mei 2024 om 09:00** met Gaskunstenaars Susan Coetzer, Lynn Marie en die Galsteen Sangers.

Kaartjies is R200 per persoon.

Gasvrouens wat ‘n tafel van 12 volmaak se kaartjie is gratis.

Kontak vir Intronette by 082 874 6759 of Elanza by 082 440 8686 om jou tafel of kaartjie te bespreek.

Enige geskenke/skenkings vir die oggend is welkom vir ons gelukkige trekkings.

Kaartjies is ook Sondae direk na die erediens by die fontein beskikbaar.